

Publication: SonopSondag(formerlySondagSon) (Sport)
Publication Date: 04 Feb 2018
Page: 29

AVE: 19123.50
Circulation: 43249
Part: 1 of 1

# Simbine begin sy seisoen by Tuks

## SPOEDVRAAT IS TUIS OP DIÉ VINNIGE BAAN

**AFRIKA se vinnigste man, Akani Simbine, begin sy atletiekseisoen volgende maand in Tshwane.**

Hy sal op 8 Maart in die tweede van die drie Grand Prix-byeenkomste in die Tuks-stadion hardloop.

In 2016 is Simbine tot Afrika se vinnigste man gedoop toe hy die 100 m in Hongarye in 9,89 sekondes afgeblits het.

Volgens Simbine is vinnige tye egter nie meer sy grootste dryfveer nie. Hy soek internasionale titels.

En die 24-jarige atleet glo 2018 is die jaar daarvoor.

Simbine se eerste mikpunt is die goue medalje in die 100 m by die Statebondspele in Australië in April.

Die reis na die Spele begin egter met die byeenkoms in die stadion waar hy gewoonlik vinnige tye in die 100 m gehardloop het. Die Tuks-stadion is ook waar hy sy vinnigste 200 m genael het.

"Laas jaar was vir my teleurstellend. Ek het beter verwag as 'n vyfde plek by die Wêreldbyeenkoms.

"'n Medalje was my mikpunt, maar ek is gedurig deur 'n heupbesering gepla," het Simbine verduidelik.

"Die plan is om dinge in 2018 heeltemal om te swaai en daar is nie 'n beter plek om daarmee te begin as op my tuisbaan nie.

Op die Tukkies se baan het Simbine die eerste Suid-Afrikaner geword wat die 100 m in minder as tien sekondes kon hardloop.


"Dit is waar ek oefen. Ek is dol oor die vinnige baan.

"Jy is altyd vinnige tye op die baan gewaarborg en in elke wedloop mik ek na 'n vinnige tyd.

"Dit gaan egter daaroor om alles in die wedloop reg te doen.

"As alles glad verloop, sal ek weer onder tien sekondes inkom. Ek wil die seisoen van die eerste byeenkoms af domineer." – **Sport24**

SMS JOU MENING OOR DIÉ STORIE AAN **36488**




**GROOT PLANNE:** Akani Simbine wil vanjaar sy stempel afdruk. **Foto: GALLO IMAGES**

# DJOKOVIC LAAT AAN SY ELMBOOG SNY



DIE wêreld se voormalige nr. 1-tennisspeler Novak Djokovic het bekend gemaak hy het 'n operasie ondergaan in 'n poging om sy regterelmboog te genees.

Die 30-jarige Djokovic spog tot dusver in sy loopbaan met 12 Grand Slam-titels.

Hy erken dat hy na verskillende menings, diagnoses en voorstelle

nie en, ondanks die ruskans, het dit nie die gewenste uitwerking gehad nie.

"Ek het gedurende die onderbreking van aktiewe spel die adrenalien en atmosfeer van die toernooie baie gemis.

"Dit is waarom ek my terugkeer by die Australiese Ope probeer maak het.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.